
Dr Hannes Janse van Rensburg van die Hervormde Kerk se Sentrum vir Gemeentelike Bediening, en predikant van Zuurfontein in Kempton Park, skryf: Kerke vra al jare: Hoe kry ons jongmense terug in die kerk? Talle planne, strategieë en hulpbronne is reeds ingespan. Maar dalk is 'n ander vraag nodig: Wat as ons al die tyd die verkeerde vraag gevra het?
DINSDAG
20 OKT
2026
AANLYN
19:00 - 21:00
ZOOM-SESSIE
DIDASKO-DINSDAE
BEGRIP VIR GENERATIEWE-BEDIENING
GRATIS
idasko
'n Lerende gemeenskap
NG Kerk
Vrystaat
2 VBO-PUNTE
Dr Hannes
Janse van Rensburg

1


idasko
'n Lerende gemeenskap
Verwagting?

2


HOEKOM?
Praktiese vertellings
VAN GENERATIEWE UITDAGINGS VIR DIE KERK
MILLENNIALS
(± 27 – 42 jaar)
Sinnige betrokkenheid en egte verhoudings.
Balans tussen werk, familie en geloof.
Soek relevansie, doel en impak.
Verlang na 'n geloof wat leef en doen.
GEN X GENERASIE
(± 43 – 58 jaar)
Dra groot verantwoordelikheid in werk en gesin.
Min tyd en baie eise op hul lewe.
Soek duidelikheid en egte leiding.
Verlang na praktiese, relevante geloofsvorming.
BABY BOOMERS
(± 59 – 77 jaar)
Emosionele en fisiese gesondheid word belangrik.
Verlang na gemeenskap en sinvolle betrokkenheid.
Wil hulle ervaring, wysheid en gawes kan deel.
Behoefte aan waardering en erkenning.
SILENT GENERATION
(± 78 jaar en ouer)
Gesondheid en mobiliteit is dikwels 'n uitdaging.
Verlang na nabyheid, versorging en insluiting.
Soek betekenisvolle verhoudings en besoeke.
Dra die gemeente in gebed en getrouheid.
GEN ALPHA & GEN Z
(± 13 – 26 jaar)
Groei op in 'n digitale en vinnige wêreld.
Soek egtheid, inklusiwiteit en veiligheid.
Verlang na identiteit, doel en hoop.
Sien die wêreldwyd – en vra hoe geloof relevant is.

3


My Fokus:
BEGRIP VIR GENERATIEWE BEDIENING EN DIENS
IN DIE PLAASLIKE GEMEENTE

4


Die **generatiewe benadering** tot bediening en diens in die plaaslike gemeente het **nie net een oorsprong of een grondlegger nie.**
Dit is eerder 'n benadering wat vanuit **verskillende gesprekke** in die teologie, gemeentebediening, leierskapstudies en ontwikkelingsielkunde **gegroei het.**

5


1
DIE BEGRIP
GENERATIWITEIT
ERIK ERIKSON
(1902 – 1994)
2
ERIK ERIKSON
(1902 – 1994)
Die ontwikkelingsielkundige Erik Erikson het die begrip **generatiwiteit** (*generativity*) bekend gemaak as deel van sy teorie oor menslike ontwikkeling.
3
WAT BETEKEN GENERATIWITEIT?
Generatiwiteit verwys na die mens se begeerte om iets betekenisvols vir toekomstige geslagte tot stand te bring, hulle te begelei en in hulle ontwikkeling te belê.
MEER AS NET BIOLOGIESE KINDERS HÊ
MENTORSKAP
OPVOEDING EN TOERUSTING
DIENSBAARHEID
OORDRAG VAN WAARDES
4
'N LEWENSFASE WAT ANDER RAAK
Die begrip is veral met Erikson se werk oor die mens se **lewensfases** verbind. Generatiwiteit word geassosieer met die fase waarin mense besef dat hulle **iets wil nalaat** wat 'n **verskil** maak in die lewens van **volgende geslagte.**
'n Verskil maak vir volgende geslagte

6


1
DIE BEGRIP
GENERATIWITEIT
ERIK ERIKSON
(1902 – 1994)
Ontwikkelingsielkundige en psigoanalis, bekend vir sy teorie oor die agt fases van menslike psigososiale ontwikkeling.
SY WERK
Het 'n invloedryke teorie ontwikkel oor menslike ontwikkeling deur die hele lewe.
BREË PERSPEKTIEF
Het beklemtoon dat ontwikkeling nie net 'n persoonlike proses is nie, maar ook beïnvloed word deur familie, kultuur, gemeenskap en die samelewing.
GENERATIWITEIT
Het gewys hoe volwassenheid nie net oor die self gaan nie, maar ook oor die begeerte en verantwoordelikheid om iets betekenisvols tot die lewe van ander en toekomstige geslagte by te dra.
RELEVANT VANDAG
Erikson se insigte help ons om te verstaan hoe ons as gemeente 'n generatiewe gemeenskap kan wees wat mense toerus, geloof oor geslagte heen oordra en ruimte skep vir nuwe leiers.

7


2
ERIK ERIKSON:
LEWE EN AGTERGROND
Gebore 15 Junie 1902 in Frankfurt, Duitsland.
Sy biologiese vader was nie deel van sy grootwordlewe nie.
Studie en opleiding in Wene.
Blootgestel aan psigoanalise en werk onder Anna Freud.
1933 na die VSA geëmigreer.
Werk by Yale, Berkeley en Harvard.
Belangrikste werke:
• Childhood and Society (1950)
• Insight and Responsibility (1964)
• Identity: Youth and Crisis (1968)
Erik Erikson
Sy persoonlike lewensverhaal en soeke na identiteit het sy betangstelling in menslike ontwikkeling diep beïnvloed.

8


Die agt fases van ontwikkeling
Erik Erikson
(1902 – 1994)
Fase
Lewensfase
Sentrale uitdaging
Waaroor dit gaan
Kernvraag
1 Baba
Vertroue teenoor wantroue
Ontwikkel 'n basiese vertroue in die wêreld deur sorg en konsekwente verhoudings.
Kan ek die wêreld vertrou?
2 Vroeë kinderjare
Selfstandigheid teenoor skaamte en twyfel
Leer om dinge self te doen en ontwikkel 'n gevoel van onafhanklikheid.
Kan ek dinge self aanpak?
3 Voorskoolse jare
Inisiatief teenoor skuldgevoel
Leer om nuwe dinge te probeer en inisiatief te neem.
Mag ek nuwe dinge probeer?
4 Skooljare
Bekwaamheid teenoor minderwaardigheid
Ontwikkel vaardighede en ervaar dat ek iets kan regkry en kan bydra.
Kan ek iets regkry en bydra?
5 Adolessensie
Identiteit teenoor identiteitsverwarring
Soek my plek en ontwikkel 'n duidelike selfbeeld en lewensdoel.
Wie is ek en waar pas ek in?
6 Jong volwassenheid
Intimiteit teenoor isolasie
Bou betekenisvolle verhoudings, vriendskappe en lewensvennootskappe.
Kan ek betekenisvolle verhoudings bou?
7 Volwassenheid
Generatiwiteit teenoor stagnasie
Dra by tot die groei en ontwikkeling van ander en toekomstige geslagte.
Wat kan ek vir ander en toekomstige geslagte beteken?
8 Latere volwassenheid
Integriteit teenoor wanhoop
Kyk terug en aanvaar my lewe as betekenisvol en sinvol, ten spyte van uitdagings.
Kan ek my lewe as betekenisvol aanvaar?

9


2
DIE MISSIONALE KERK:
GOD SE BEWEGING NA DIE WÊRELD
Die tweede belangrike wortel lê in die missionale verstaan van die kerk. Die uitgangspunt is dat die kerk nie bloot 'n organisasie is wat programme aanbied om sy eie voortbestaan te verseker nie.
Die gemeente word geroep om deel te neem aan God se werk in die wêreld.
MISSIO DEI
Hierdie benadering sluit aan by die begrip Missio Dei — God se sending. Die kerk is nie die eienaar van die sending nie; die kerk word deur God geroep om aan sy sending deel te neem.
KONKRETE KONTEKS
In Suid-Afrikaanse gemeenteteologie beklemtoon Malan Nel dat 'n gemeente haar identiteit, bediening en roeping binne haar konkrete konteks moet verstaan.
DIE PRAKTIESE VRAAG
Wat is God besig om in ons gemeenskap te doen, en hoe roep Hy ons as gemeente om daaraan deel te neem?

10


5
DIE BYBELSE FONDAMENT
Die woord generatief is nie 'n Bybelse tegniese term vir 'n bepaalde bedieningsmodel nie. Die onderliggende beginsels het egter sterk Bybelse aanknopingspunte:
PSALM 78:4–7
Die een geslag vertel aan die volgende van God se dade.
MATTEUS 28:19–20
Jesus stuur sy dissipels om nuwe dissipels te maak en hulle te leer.
EFESIËRS 4:11–16
Die gawes van leiers is daarop gerig om gelowiges toe te rus vir hulle tilenswerk en die opbou van die liggaam van Christus.
2 TIMOTEUS 2:2
Wat Paulus aan Timoteus toevertrou het, moet aan betroubare mense oorgedra word wat weer ander kan onderrig.
1 KORINTIËRS 12:4–7
Die verskillende gawes word gegee tot voordeel van almal.
KERNGEDAGTE:
Hierdie tekste help ons om generatiewe bediening nie net as die ontwikkeling van jongmense te verstaan nie, maar ook as die toerusting van gelowiges, die oordrag van geloof en die ontwikkeling van 'n gemeente wat ander mense help groei en dien.

11


4
WAT BETEKEN DIT VIR DIE PLAASLIKE GEMEENTE?
Wanneer ons die insigte uit generatiwiteit, die missionale kerk en generatiewe gesprekke bymekaarbring, kry ons 'n praktiese vertrekpunt vir ons plaaslike gemeente:
GENERATIEF WEES
Om geloof, gawes, leierskap en nuwe moontlikhede te help ontwikkel wat verder strek as ons eie leeftyd.
MISSIONAAL LEEF
Om te ontdek hoe God reeds in die wêreld werk en hoe ons as gemeente daaraan kan deelneem.
GENERATIEF ONDERSKEI
Om saam te luister, nuwe vrae te vra en bedieninge te ontwikkel wat by God se roeping en die werklikheid van die gemeenskap pas.
Generatiewe bediening is 'n geloofsgemeenskap wat lewe voortbring:
mense word toegerus, gawes ontwikkel, geloof word oorgedra, nuwe leiers groei en die gemeente ontdek telkens opnuut hoe sy God se roeping in haar eie tyd en gemeenskap kan uitleef.

12


Zuurfontein
252
LIDMATE
VERSKILLENDE GENERASIES,
EEN GEMEENSKAP
ELKE GENERASIE DRA BY.
SAAM BOU ONS DIE TOEKOMS.
'n Gemeenskap wat in liefde, geloof en volharding saamleef.
GEN ALPHA [2013–2025]
Digital-first, fast-learning, entrepreneurial.
21 LIDMATE
8.3% VAN ONS
GEN Z [1997–2012]
Inclusive, teach-native, values transparency.
37 LIDMATE
14.7% VAN ONS
MILLENNIALS [1980–1996]
Purpose-driven, collaborative, growth-oriented.
43 LIDMATE
17.1% VAN ONS
GEN X [1965–1979]
Independent, pragmatic, delivery-focused.
57 LIDMATE
22.6% VAN ONS
BABY BOOMERS [1946–1964]
Value stability, loyalty, and legacy.
64 LIDMATE
25.4% VAN ONS
SILENT GENERATION [1928–1945]
Loyaliteit, hardwerkend, respek vir orde en gesag, spaarsamig en gerig op omgee vir ander.
30 LIDMATE
11.9% VAN ONS
VERSKILLENDE AGTERGRONDE.
EEN GELOOF.
EEN GEMEENTE.

13


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
Silent Generation
(1928–1945)
Ons gesels saam oor:
Kerkwees vir vandag
Sondag 8 Maart
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente

14


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
Baby Boomers
(1946–1964)
Ons gesels saam oor:
Kerkwees vir vandag
Sondag 17 Mei
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente

15


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
GEN X
(1965–1980)
Ons gesels saam oor:
Kerkwees vir vandag
Sondag 7 Junie
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente

16


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
GEN X
(1965–1980)
Ons gesels saam oor:
Kerkwees vir vandag
Sondag 7 Junie
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente


17


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
MILLENNIALS
(1980–1996)
Ons gesels saam oor:
KERKWEES
vir vandag
FAITH
PURPOSE
IMPACT
Sondag
18 Oktober 2026
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente
#leef #loopbaan #doelgerig
KOM KUIER. KOM DEEL. KOM GROEI.
GOOD COFFEE
GOOD PEOPLE
GREAT CONVERSATIONS
DREAM
PLAN
DO
JY MAAK
'N VERSKIL

18


Koffie & Gesels
'n Ontmoeting vir die
GEN Z
(1997–2012)
Ons gesels saam oor:
KERKWEES
vir vandag
FAITH
PURPOSE
IMPACT
Sondag
24 Januarie 2027
16:00
@ Die Kerkgebou
Zuurfontein Gemeente
#leef #loopbaan #doelgerig
KOM KUIER. KOM DEEL. KOM GROEI.
GOOD COFFEE
GOOD PEOPLE
GREAT CONVERSATIONS
DREAM
PLAN
DO
WEES JOUSELF.
JY IS
GEMAAK VIR
'N DOEL.

19


UITNODIGINGS-RESPONS
PER GENERASIE
MILLENNIALS
TOTAAL 42
31%
21%
48%
Uitnodiging aanvaar: 13 (31%)
Verskoning: 9 (21%)
Geen reaksie: 20 (48%)
GEN X GENERASIE
TOTAAL 58
26%
14%
60%
Uitnodiging aanvaar: 16 (26%)
Verskoning: 8 (14%)
Geen reaksie: 34 (60%)
BABY BOOMERS GENERASIE
TOTAAL 61
18%
26%
56%
Uitnodiging aanvaar: 11 (18%)
Verskoning: 16 (26%)
Geen reaksie: 34 (56%)
SILENT GENERATION
TOTAAL 33
24%
43%
43%
Uitnodiging aanvaar: 14 (43%)
Verskoning: 14 (43%)
Geen reaksie: 5 (24%)
ZUURFONTEIN
TOTAAL 194
27%
24%
47%
Uitnodiging aanvaar: 54 (27%)
Verskoning: 47 (24%)
Geen reaksie: 93 (47%)

20


Ons wil uiteindelik
DRIE DINGE VERSTAAN:
1
Wat het julle geleer om te vertrou – en wat het julle vertroue beskadig?
2
Watter verwagtinge en vrae bring julle na die kerk?
3
Hoe kan die Hervormde Gemeente Zuurfontein 'n geloofs-gemeenskap wees waar julle nie net welkom voel nie, maar ook werklik kan deelneem, leiding neem en saam met ander God se roeping uitleef?

21


Inleiding:
Gesprek met die
MILLENIALS
(1980 – 1996)
Koffie & Gesels
SAAM
LUISTER
ONTDEK
BOU
'N BESONDERE GROEP
Vandag sit ons saam met 'n besondere groep mense in ons gemeente – lidmate wat behoort aan die generasie wat wêreldwyd as Millennials bekend staan, mense wat ongeveer tussen 1980 en 1996 gebore is.
'N WÊRELD WAT VERANDER HET
Julle het grootgeword in 'n wêreld wat vinnig verander het. Julle het die oorgang van 'n hoofsaaklik analoog wêreld na 'n digitale samelewing beleef. Julle het nuwe moontlikhede gesien, maar ook ekonomiese onsekerheid, veranderende gesinsverhoudings en die druk om in 'n veeleisende wêreld julle plek te vind.
LEWE, WERK EN VERANTWOORDELIKHEDE
Baie van julle is vandag besig met loopbane, gesinne, kinders, verhoudings en die verantwoordelikhede van volwassenheid. Te midde hiervan moet daar ook ruimte wees vir geloof, betekenis en die vraag na God se teenwoordigheid in die alledaagse lewe.
VARS PERSPEKTIEWE VIR KERKWEES
Wat kan julle tot kerkwees bydra? Julle bring nuwe perspektiewe, vars vrae, tegnologiese vaardighede en 'n behoefte aan geloof wat egt en betekenisvol is. Julle heninner ons daaraan dat kerkwees nie bloot oor tradisies en programme gaan nie, maar oor verhoudings, omgee en geloof wat in die werklike lewe gestalte kry.
KOFFIE DRINK EN GESELS
Wanneer ons vandag saam koffie drink en gesels, wil ons nie net oor julle praat nie, maar veral na julle luister. Ons wil ontdek hoe God deur julle werk en hoe ons saam 'n geloofsgemeenskap kan bou waarin julle tuis voel, kan groei en met julle gawes kan help om God se kerk vandag en môre te vorm.
LUISTER, ONTDEK, SAAM VORM
Ons wil nie vooraf besluit wie Millennials is nie. Ons wil by hulle self hoor wie hulle is, wat hulle nodig het en watter gawes hulle na die gemeente bring. Die doel is nie bloot om Millennials by bestaande kerkprogramme in te pas nie, mar groei saam te ontdek hoe hulle aktief kan help vorm gee aan die gemeente se roeping.

22


Nostalgiese
GESELS VRAE:
1
Watter televisie-program, rekenaarspeletjie of kinderprogram onthou jy die beste?
2
Wat was die eerste CD, MP3-liedjie of musiekgroep waaroor jy regtig opgewonde was?
3
www.
Hoe het jy die eerste keer toegang tot die internet of 'n selfoon gekry, en hoe het dit jou lewe verander?
4
Watter herinnering uit jou skooldae, studentejare of eerste werk sal jy altyd koester?
5
Wat is vir jou die grootste verskil tussen die wêreld waarin jy grootgeword het en die wêreld waarin jongmense vandag leef?

23


Groot
WÊRELDGEBEURE
in die lewensiklus van Millennials
Wanneer ons met die Millennials in die gemeente gesels, is dit belangrik om te verstaan watter wêreldgebeure hulle gevorm het. Millennials het grootgeword in 'n tyd van ingrypende politieke, tegnologiese, ekonomiese en sosiale verranderinge.
Vir die gesprek is dit nuttig om nie net te vra wat in die wêreld gebeur het nie, maar ook: Hoe het hierdie gebeure julle lewensbeskouing, julle verhoudings, julle geloof en julle verstaan van die kerk beïnvloed?
1
DIE DIGITALE REVOLUSIE EN DIE OPKOMS VAN SOSIALE MEDIA
(1990's – 2010's)
Die internet, selfone en later Facebook, WhatsApp en ander sosiale platforms het kommunikasie, verhoudings, werk en toegang tot kennis verander. Millennials het die oorgang van 'n analoog na 'n digitale wêreld beleef.
Gespreksvraag:
Hoe kan die kerk tegnologie gebruik om betekenisvolle verhoudings te bou, sonder dat persoonlike kontak verlore gaan?
2
DIE TERREURAANVALLE VAN 11 SEPTEMBER 2001
Die aanvalle in die Verenigde State het wêreldwye veiligheidsvrese versterk en internasionale politiek, oorlog en openbare gesprekke oor godsdiens en verdraagsaamheid beïnvloed. Millennials was toe ongeveer 5 tot 21 jaar oud.
Gespreksvraag:
Hoe het hierdie gebeure julle siening van veiligheid, ander kulture, godsdiens en die toekoms beïnvloed?
3
DIE WÊRELDWYE FINANSIËLE KRISIS
(2007 – 2009)
Die ekonomiese krisis het werksekerheid, huishoudings, spaargeld en jong volwassenes se toetrede tot die arbeidsmark geraak. Vir baie Millennials het dit saamgeval met die tyd waarin hulle studeer, werk begin of finansiële onafhanklikheid probeer verkry het.
Gespreksvraag:
Hoe beïnvloed finansiële druk, behuisingskoste en werksonsekerheid julle vermoë om 'n gesin te versorg en by die kerk betrokke te wees?
4
DIE COVID-19-PANDEMIE
(2020 – 2022)
Die pandemie het werk, onderwys, gesinslewe, gesondheid en sosiale kontak ontwrig. Dit het ook kerke gedwing om nuwe maniere te vind om eredienste, pastorale sorg en gemeenskap aanlyn voort te sit.
Gespreksvraag:
Wat het die pandemie julle geleer oor gemeenskap, geloof, eensaamheid en die waarde van die kerk se teenwoordigheid?

24


Drie groot Suid-Afrikaanse gebeure
in die lewensiklus van Millennials
1
Die einde van apartheid en Suid-Afrika se demokratiese oorgang (1990–1996)
SOUTH AFRICA
A DEMOCRACY
Die vrylating van Nelson Mandela in 1990, die eerste demokratiese verkiesing in 1994 en die nuwe Grondwet van 1996 het die land ingrypend verander. Baie ouer Millennials het hierdie oorgang as kinders beleef, jonger Millennials het in die nuwe Suid-Afrika grootgeword.
Gespreksvraag:
Hoe het die belofte van 'n nuwe Suid-Afrika julle hoop, identiteit en verstaan van geregtigheid beïnvloed?
2
Die MIV/vigs-pandemie en die verlies van mense (1990's–2000's)
Die MIV/vigs-krisis het Suid-Afrikaanse gesinne, gemeenskappe en kerke diep geraak. Baie mense het familielede, vriende en kollegas verloor. Die krisis het ook moeilike vrae oor stigma, versorging, seksualiteit, verantwoordelikheid en die kerk se pastorale rol na vore gebring. Die uitbreiding van openbare antiretrovirale behandeling vanaf 2004 was 'n belangrike keerpunt.
Gespreksvraag:
Hoe het hierdie krisis julle verstaan van siekte, verlies, omgee en die kerk se verantwoordelikheid teenoor mense in nood beïnvloed?
3
Die Wêreldbeker, beurtkrag en groeiende ekonomiese onsekerheid (2008–2010 en daarna)
SOUTH AFRICA 2010
BEURTKRAG
Die aanbieding van die FIFA-Wêreldbeker in 2010 het 'n sterk gevoel van nasionale trots en samehorigheid geskep. Dit het egter saamgeval met 'n tyd waarin Suid-Afrika toenemende ekonomiese druk, werksonsekerheid en vanaf 2008 'n ernstige elektrisiteitskrisis begin beleef.
Vir Millennials het die droom van geleenthede en vooruitgang dikwels saam met die werklikheid van duur behuising, werksoek, finansiële verpligtinge en onsekerheid bestaan.
Gespreksvraag:
Hoe beïnvloed die ekonomiese uitdagings van Suid-Afrika julle gesinslewe, toekomsverwagting en betrokkenheid by die kerk?

25


Tipiese kenmerke van
MILLENNIALS
Die volgende kenmerke kan as vertrekpunt vir julle gesprek gebruik word. Dit is algemene tendense wat in generasienavorsing beskryf word, nie vaste eienskappe van elke individu nie. Navorsing beklemtoon ook dat lewensfase, familieomstandighede en die samelewing waarin mense leef, 'n groot rol speel.
1
Tegnologies verbind, maar steeds op soek na egte verhoudings
Millennials is vertroud met digitale kommunikasie, sosiale media en onmiddellike toegang tot inligting. Tegnologie bied geleenthede om kontak te behou, maar bring ook uitdagings soos inligtingsoorlading en oppervlakkige verhoudings mee.
Vir die kerk:
Digitale kommunikasie is belangrik, maar persoonlike kontak, luister en behoort bly noodsaaklik.
2
Familie en verhoudings is belangrik
Baie Millennials probeer werk, ouerskap, huwelik, vriendskappe en ander verantwoordelikhede balanseer. Hulle ervaar dikwels druk om op verskillende terreine tegelyk te presteer.
Vir die kerk:
Gemeentelewe moet ruimte bied vir gesinne, enkellopendes, jong ouers en mense in verskillende lewensomstandighede.
3
Op soek na betekenis en doelgerigte werk
Vir baie Millennials gaan werk nie net oor inkomste nie, maar ook oor betekenis, ontwikkeling en die gevoel dat hulle 'n bydrae lewer. Terselfdertyd bly finansiële stabiliteit en werksekerheid belangrik.
Vir die kerk:
Help lidmate om hulle gawes te ontdek en geloof met hulle werk, roeping en daaglikse keuses te verbind.
4
Vrae oor gesag, tradisie en geloof
Sommige Millennials wil verstaan waarom die kerk sekere dinge glo en doen. Hulle kan tradisies bevraagteken, sonder dat dit noodwendig beteken dat hulle geloof verwerp. Hulle soek dikwels ruimte vir eerlike vrae en geloof wat met die werklikheid van hulle lewe verband hou.
Vir die kerk:
Skep gesprekke waarin moeilike vrae welkom is en geloof verduidelik, uitgeleef en saam ontdek kan word.
5
Sensitief vir geregtigheid en praktiese betrokkenheid
Baie jong volwassenes stel belang in menswaardigheid, gelyke geleenthede, omgewingsake en die verbetering van hulle gemeenskappe. Hoe sterk hierdie belangstelling is, verskil natuurlik van persoon tot persoon.
Vir die kerk:
Maak dit sigbaar hoe die evangelie gestalte kry in diensbaarheid, barmhartigheid, geregtigheid en betrokkenheid by die gemeenskap.
6
Onder druk, maar op soek na balans
Loopbaankeuses, lewenskoste, behuising, ouerskap en die verwagting om suksesvol te wees, kan spanning veroorsaak. Sommige ervaar ook eensaamheid of onsekerheid oor die toekoms.
Vir die kerk:
Die gemeente kan 'n ruimte wees waar mense nie hoef voor te gee dat alles goed gaan nie, maar ondersteuning, hoop en geloofsgemeenskap vind.
Luister | Ontdek | Waardeer | Bou saam 'n geloofsgemeenskap waarin Millennials tuis kan voel, kan groei en hulle gawes kan inbring.

26


Gespreksvrae vir
MILLENNIALS
in Zuurfontein
Hierdie vrae kan gebruik word om van algemene waarnemings na persoonlike ervarings te beweeg:
1
Watter van hierdie kenmerke **beskryf julle die beste?** Watter pas glad nie by julle nie?
2
Wat is tans die **grootste druk of uitdaging** in julle lewens?
3
Wanneer ervaar julle dat die kerk **julle verstaan** — en wanneer voel julle dat daar **'n afstand is**?
4
Wat maak dat julle graag aan 'n **gemeente wil behoort?**
5
As julle **een ding** aan die gemeente **kon verander** om dit vir Millennials **meer betekenisvol te maak,** wat sou dit wees?
Saam luister | Saam ontdek | Saam bou
'n Gemeente waar jy tuis kan voel, kan groei en kan saamwerk.

27


Wat beteken dit
vir ons gemeente?
Hierdie gebeure bied 'n nuttige vertrekpunt, maar dit is belangrik om te onthou dat nie elke Millennials dieselfde ervarings of reaksies gehad het nie.
Suid-Afrikaanse ervarings kan net so intens as internasionale gebeure wees.
Die doel van die gesprek is nie om Millennials in 'n boksie te plaas nie, maar om te verstaan watter wêreld hulle help vorm het, watter uitdagings hulle vandag beleef en hoe die kerk saam met hulle 'n betekenisvolle geloofsgemeenskap kan wees.
Verstaan die wêreld van Millennials
Luister na hulle stories en vrae
Bou saam aan 'n gemeente waar hulle tuis voel
Ontdek en gebruik hulle gawes vir God se koninkryk

28


Slotgedagte
Saam bou ons ...
Ons sluit hierdie gesprek af met **dankbaarheid** vir julle **teenwoordigheid**, julle **eerlikheid** en die **perspektiewe** wat julle met ons gedeel het. Julle is nie bloot die volgende generasie van die kerk nie; julle is **vandag reeds deel van God se kerk**, met **gawes, drome, vrae en idees** wat waardevol is vir die Hervormde Gemeente Zuurfontein.
Die toekoms van Zuurfontein is iets wat ons **saam bou**. Ons nooi julle daarom uit om nie net deel van die gemeente te wees nie, maar ook saam met ons te **droom, vrae te vra, verantwoordelikheid** te aanvaar en **nuwe geleenthede** te skep om God se liefde in ons gemeenskap sigbaar te maak. Mag hierdie gesprek nie die einde van 'n ontmoeting wees nie, maar die begin van 'n **nuwe pad van vertroue, samewerking en geloof**. Ons wil graag saam met julle ontdek wat God nog deur Zuurfontein wil doen – en hoe elkeen van julle deel kan wees van hierdie **mooi verhaal**.
LUISTER na mekaar
VERSTAAN mekaar se leefwêreld
DROOM oor nuwe moontlikhede
NEEM VERANTWOORDELIKHEID en deel
BOU SAAM 'n strerker geloofsgemeenskap
LEEF GOD SE LIEFDE in ons gemeenskap
Vandag. Saam. Vir môre.

29


Baie dankie!
Dankie vir julle teenwoordigheid, jul eerlikheid en die perspektiewe wat julle met ons gedeel het.
Ek hoop hierdie aanbieding het vir julle iets beteken en dat dit nuwe gedagtes, gesprekke en moontlikhede vir ons gemeente oopmaak.
Dr Hannes Janse van Rensburg
Sentrum vir Gemeentelike Bediening en predikant van Zuurfontein in Kempton Park
Selfoon
082 927 3700
Epos
HannesSGB@nhk.co.za
Facebook
hannes.jansevanrensburg.33
Mag hierdie gesprek die begin wees van 'n nuwe pad van vertroue, samewerking en geloof.
idasko
'n Lerende gemeenskap

30